**Ende Mai 2016**
**Artikel in „The Standard“ (lokale Zeitung in Worcester/Südafrika)**

Gemeenskapsnuus
Community

# Helpende hande ondersteun skool

TANDY-LEE MARINUS

**Gesiggies by Brandwacht NGK Primêr was opgewonde nadat donateurs 'n helpende hand na die skool uitgesteek het.**

Brandstigting in die vroeë oggendure van 25 Maart was die oorsaak dat die enigste gr. R- klaskamer, wat 32 leerders gehuisves het, op die skool se perseel afgebrand het.

Shafiek Gallie, skoolhoof, het oor die brand gesê: "Vir ons was dit 'n groot verlies maar hulp was nie te ver weg nie." Inteendeel, dit was net 300 m pad af.

Die Grasman-gesin, Naomi, Veronica en Roland, oorspronklik van Nederland en stigters van Treasures Community Ministries, het 'n plan beraam.

"'n Groot persentasie van leerders by die skool is ingeskryf in ons naskoolse program. Dit was 'n maklike en ooglopende besluit om hulle te nooi om die saal op ons perseel te gebruik as 'n tydelike klaskamer. Op hierdie manier het hulle 'n plek gehad om heen te gaan ná die Paasvakansie en hul klastyd is nie deur hierdie tragedie onderbreek nie," sê hulle.

Die gesin het sedert 2009 'n noue verbintenis met die skool en vir hulle is liefdadigheid meer as net 'n stokperdjie. Hulle het 4Africa, 'n Duitse organisasie sonder winsbejag, gebaseer in Switserland, genader, wat dit hul missie maak om regoor Afrika Christelike fundamentele waardes te verteenwoordig. Dié organisasie het 'n vooraf vervaardigde Kwikspace-klaskamer geskenk.

Die situasie het verder verbeter met 'n reuseskenking van leermateriaal deur Golden Valley Casino, wat Vrydag 20 Mei aan die skool oorhandig is.

"Ons is oorweldig deur die ondersteuning van ons donateurs en was baie opgewonde toe ons hoor hulle gaan ons bystaan," sê Gallie.

Die skool bied op 21 Junie die vertoning *Spekkies se groot avontuur* deur die Spektrum-kinderteatergeselskap aan. Toegang is R25 vir volwassenes en R20 vir kinders. Alle geld sal na die skool gaan om noodsaaklike items vir die klas beskikbaar te maak.

Vir meer inligting, bel Christine du Plessis by 082 635 9333.



**'n Foto van dit wat oorgebly het nadat die gr. R-klaskamer afgebrand het.**



Leerders en onderwysers van Brandwacht NGK Primêr saam met die Grasman-gesin en verteenwoordigers van Golden Valley Casino met leermateriaal en speelgoed wat geskenk is. FOTO: TANDY-LEE MARINUS